hul eie braaiplek en swem-geriewe ingerig het.[333] Dit is sigbaar in die bogenoemde stoot- en trekfaktore (die toestand van Mimosa-tuine-oord en die skuif van die ander toerisme-aktiwiteite stroomaf), dat daar 'n geskiedenis van plaaslike toerisme bestaan. Die verandering van die toerisme-kultuur in 'n bepaalde omgewing, skep 'n breë geheelbeeld van die verloop van geskiedenis wat in 'n streek – in hierdie geval dié van Parys – kan plaasvind.




Figuur 81: Die swembad by Mimosa-tuine (2008)[334]

**Ontspanning langs die Vaalrivier in die Koepelarea**

In vroeër dae was die Koepelkern stroomaf ook 'n toerismebestemming, maar hoofsaaklik vir plaaslike mense. Reebok kop is byvoorbeeld in hoewes opgedeel, en die onderverdelings is in die sewentigerjare verkoop aan verskeie akademici van Noordwes-Universiteit (voorheen die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys) wat 'n plekkie langs die Vaalrivier wou besit om

333 GPA, MO2, M. de Ponte (45), Parys 2011.01.26; GPA, MO2, C. Gluchowski (56), Parys 2011.01.26; GPA, MO2, J.G.E. Fourie (76), Parys 2010.12.01.

334 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Parys 2008.06.03.

naweke te ontspan.[335] Nadat 'n gedeelte van die Vredefortkoepel in 2005 deur UNESCO as 'n wêrelderfenisterrein gelys is, het toerisme na nuwe oorde stroomaf langs die Vaalrivier verskuif, waar dit rustiger, skoner en netjieser was as die Mimosa-tuine-kampeerterrein (Parys). In die Koepel-omgewing het die ontwikkeling van verskeie ontspanningsoorde langs die Vaalrivier 'n verandering in grondbenuttingspatrone teweeg gebring. Dit bevredig hoofsaaklik die behoefte van stedelinge wat nie 'n tweede eiendom kan bekostig nie, maar in die wateromgewing van die Vaalrivier wil ontspan. Hierdie oorde, soos ook verskeie jeugkamp-terreine, maak voorsiening vir toeriste om avontuur- en ontspannings-aktiwiteite in die buitelug te beoefen, soos piekniek maak, kampering, stap of voetslaan, bergklim, perdry, kanovaart, bootritte, hengel en voëlkyk.[336]

Toerisme het gevolglik 'n bron van inkomste vir grondeienaars geword. Sommige van die plase wat naby of aan die rivier geleë is, byvoorbeeld Tweespruit (Jumanji), is in hoewes onderverdeel wat vir naweekhuise deur dorpsbewoners gekoop is.[337] Op ander plase, soos Kopjesdam, Simone, Witbank, Rusoewer en Boschrand, waar vroeër vis gevang is, is daar as gevolg van 'n toenemende aanvraag, kampeergeriewe as bekostigbare akkommodasie langs die rivier opgerig. Hierdie kampeerplekke, wat grotendeels blankes trek, staan bekend as Dimalachite, Parson's Rust, Habula Lodge, Boomplaas, Hakuna Matata, Vereeniging Hengelklub en Vaal Hackle (vir vlieghengelaars).[338] Skool- en kerkjeuggroepe besoek eerder die kampeergeriewe by Takwasa, die Hervormde kerkterrein op Venterskroon, en die staat se terrein by Donkervliet.[339] Wildboerdery in die Koepelbergland het die toerisme-potensiaal van die betrokke plase verhoog. Veral voëlkykers, stappers, fotograwe en 4x4-entoesiaste gebruik hierdie omgewing as 'n naweek-wegbreekplek.[340] Dit is opmerklik dat die oorde op die eilande en aan die

335 GPA, MO2, H.G.W. du Plessis (65), Reebok kop 2010.11.03; V.E. d'Assonville, *Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*, p. 1.

336 GPA, MO2, F.C. Conradie (26), Takwasa 2011.07.30; GPA, MO2, J.J. Landman (75), Koedoeslaagte 2011.03.02.

337 S.L. Jansen van Rensburg, "Handgeskrewe geskiedenis van die Koepelplase" Boschrand pp. 2-4.

338 GPA, MO2, S.L. Jansen van Rensburg (82), Helena 2010.09.29.

339 GPA, MO2, J.H. Naudé (86), Potchefstroom 2011.05.07; GPA, MO2, F.C. Conradie (26), Takwasa 2011.07.30; GPA, MO2, M. Booysen (59), Donkervliet 2011.02.24.

340 GPA, MO2, J.G.E. Fourie (76), Parys 2010.10.09.

noordekant van die rivier merendeels luuks is,[341] terwyl meeste plekke aan die suidekant se skoonheid eerder in hul eenvoud lê.[342]

Sedert die 1970's het daar nie net 'n verandering in grondbenutting plaasgevind nie, maar ook in die tipe grondeienaar wat grond in die gebied aankoop.[343] Gegoede stedelinge wat die behoefte het om in die natuur te ontspan, kan dit bekostig om 'n tweede huis op die platteland aan te koop. Gevolglik word vaste eiendom in die Koepelgebied, veral gedeeltes langs die rivier, opgekoop met die doel om te rus of vakansie te hou. Die skoonheid van die omgewing, met die Vaalrivier en die verskeidenheid ontspanningsgeleenthede wat water bied (hengel en voëlkyk), is trekfaktore na die gebied. Daar is 'n nuwe tendens in die area, naamlik die verskaffing van 'n kapel asook trou- en onthaalgeriewe. Sommige geriewe is op die oewer van die Vaalrivier, soos by *Vaal de Sioleh* (op Koedoeslaagte) en *The Nutcracker* (op die plaas Schurwedraai-skool), terwyl ander selfs in 'n ou donga opgerig is (op Steenkampsberg). Hier word die Vaalrivier en die veld gebruik, om 'n rustige "sin van plek" of stemming vir 'n huwelikseremonie en -onthaal te skep.

Die afgelope vier jaar was daar 'n beduidende ontvolking van die Koepelarea. Grondeienaars wat bo 70 is, benut nie meer hulle grond as ekonomiese eenhede nie. Dienooreenkomstig is daar min, gewoonlik net die nodigste, plaasarbeiders, op meeste boerdery-eenhede. Verder is daar 'n algehele stilstand en selfs 'n verval; min ontwikkeling vind plaas. Huise staan leeg. Dienste is gebrekkig. Paaie gaan agteruit en verswak. Skole staan leeg. Winkels sluit, soos die kafee op Venterskroon. En die Inligtingskantoor is gedurende kantoorure in die middel van die week toe.

### Kommersiële wateraktiwiteite

Die Vaalrivier-wateraktiwiteite is 'n trekpleister vir die stedeling in die hoër inkomstegroep, aangesien die nodige toerusting duur is. Die eerste "river rafting" is teen 1986 as kommersiële aktiwiteit in Suid-Afrika in die Parys-omgewing begin.[344] Graeme Addison, 'n afgetrede professor in kommunikasiekunde, staan

341 Vaal de Gráce landgoed op Groot Eiland, Khaya Ibhubesi en SUNWA op Koppieskraal en Vaal de Sioleh op Koedoeslaagte.

342 Byvoorbeeld Dimalachite, Habula Lodge, Kommandonek, Hakuna Matata, Vereniging Hengelklub en Vaal Hackle.

343 S.J. Eloff, 'n Evaluering van die grondgebruikspatrone in die Vredefortkoepel noord van die Vaalrivier (M.A.), p. iv.

344 GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25.

bekend as die "vader van toerisme" in die Koepel. Hy het 'n beduidende rol gespeel in die bekendstelling van die verblyf- en toerismebedryf van die Parys-omgewing.[345] Hy staan ook bekend as "riverman" en het 'n leidende rol in die ontwikkeling van "Parys river rafting" en kano-ritte op die Vaalrivier, asook van bootbou en -toerusting gespeel.[346] Addison is ook stigterslid van die South African River Association (SARA) (1980's) en van die latere African Paddling Association (APA) (1988). Een van die inwoners van Parys, wat sedert 1969 op die Vaalrivier in sy kano geroei en sy springbok-kleure in roei verwerf het, is aktief by Parys se kanoklub betrokke.[347] By hierdie klub word in besonder aandag aan 'n ontwikkelingsplan vir voorheen benadeelde kinders uit die Parys-omgewing geskenk, terwyl Kano S.A. asook die Lotto-fonds meer geleenthede vir plaaslike inwoners in die watermilieu van die riviergebied bied.[348]

Die warm somerklimaat, kano- en ander watersport, asook die ligging daarvan naby groot sentra soos Johannesburg, speel 'n beduidende rol in die bemarking van die gebied as naweekbestemming.[349] Die Vaalrivier word in die Parys-omgewing gekenmerk deur kleiner stroomversnellings, onreëlmatig-gevlegte strome, keerwalle en eilande, wat dit onbevaarbaar maak vir bote, maar wel bruikbaar vir kano's. Gevolglik is dit een van die eerste plekke in Suid-Afrika waar witwaterroei (*white water rafting*) as toeriste-aantreklikheid sy beslag gekry het.[350] Reg onder die Waterval-keerwal, net bo-stroom van Parys, is die volgende stroomversnellings: Stout-Harry (Dirty Harry), Tokkelos (Tokoloshe) en Spykerbal (Pinball). Onderkant die brug, oor die Vaalrivier by Parys, is Borrelbad (Jacuzzi) en Groot-Pappa (Big Daddy),[351] gevolg deur Klein-Pappa (Little Daddy), Fyn-oplet (Look sharp), Voorspel (Foreplay), Saam stort (Pool drop), Selfmoord-myl (Suicide mile) – waar die wind, as dit van voor kom, jou behoorlik terugdruk – en Begin-van-die-einde (Beginning of the End), Bromvoël (Hummingbird) en Verliefdes-se-laning (Lovers' lane).[352] Hierna volg Gapend (Gaping), Op-'n-gallop (Galloping), Kakebeen

---

345 GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25.

346 GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25.

347 GPA, MO2, S.H.F. de Jager (59), Parys 2011.01.26.

348 GPA, MO2, S.H.F. de Jager (59), Parys 2011.01.26.

349 GPA, MO2, S.H.F. de Jager (59), Parys 2011.01.26.

350 GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25.

351 Anon., *Vaal bumper run* [Website: http://www.riverman.co.za/our-trips/vaal-river/bumperrun] [Accessed: 2012.05.06].

352 GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25.

(Jaws), Paradys (Paradise), Spiltrap (Dogs leg), Vanggat (V-trap), Springklippe (Stepping stones), Jelatien (Gelatine), Bistro (Bistro), Skouburg (Theatre), Gat-gesien (Gatsien), Groot verskeidenheid (Choice assorted), Kaptein (Captain), Morgan (Morgan), Coke (Coke), Vuisbreker (Knuckle crusher), Wally s'n (Wally's) en Ontdekking (Discovery).[353] Die voorgenoemde name vir die stroomversnellings staan in skrille kontras met die konserwatiewe beskouing wat kenmerkend is van die benamings wat vroeëre grondbesitters aan plekke in die Koepelarea gegee het. Watersport-aktiwiteit, wat van avontuur, spoed en opwinding spreek, is 'n besondere aantrekkingskrag vir stedelinge wat die angs van die stroomversnellings fassinerend en aanloklik vind. Dit stem ooreen met die hedendaagse populêre globaliserende kultuur, wat geluksalige momente nastreef. In die poging om 'n paradys vir hulself te skep, word daar derhalwe gefokus op basiese instinkte (eet, drink, kuier, voorspel, seks) wat spreek van selfbevrediging en opwinding – wat alles in die stroomversnellings se name weerspieël word.

**Geogeskiedenis as trekpleister**

Toerisme-instansies gebruik dikwels die geskiedenis van 'n bepaalde omgewing vir bemarkingsdoeleindes, en as strategie om deur middel van agtergrond-inligting toeriste te beïndruk. Die geogeskiedenis, die meteoriet-impak, asook inligting oor artefakte wat betrekking het op vroeë vestiging, die goudmynbedryf en Anglo-Boereoorlog word aan belangstellende toeriste in die Koepelarea oorvertel. Hierdie gegewens het selde tevore in toeriste-advertensies vir Parys gepryk. Die omgewing se mense was tot onlangs dikwels nie eens bewus van die geogeskiedenis nie, en dit is ook nie in die Suid-Afrikaanse skool-leerplanne (geskiedenis of aardrykskunde) gedek nie. Ons kan dit toeskryf aan die feit dat die oorgrote meerderheid mense destyds in die Christelike skeppingsteorie geglo het, die bestaan van die aarde volgens hulle eie vertolking van die Bybel as 'n paar duisend jaar oud gesien het, en die evolusie-teorie as onwaar afgemaak het. Kennis oor die natuurlike geskiedenis van die aarde het egter in veral die tweede helfte van die 20ste eeu aansienlik toegeneem, tot voordeel van toerisme in die Vredefortkoepel-omgewing. Die Vredefortkoepel as wêrelderfenisterrein en die sigbare tekens van die Meteoriet-impak het hierdie area op die wêreldkaart geplaas, maar dit is nie die enigste trekpleister na hierdie area nie.

---

[353] Anon., *Parys river rafting* [Website: http://www.parysriverrafting.co.za] [Accessed: 2012.05.06].

## Gees van plek langs die Vaalrivier

Gees of sin van plek het 'n religieuse oorsprong in die Romeinse mitologie, waar hoofsaaklik twee dimensies sterk na vore kom.[354] Enersyds die objektiewe dimensie, visuele kwaliteit of karakter (wat dokumente en familiefoto's sowel as argitektoniese strukture, ou bouvalle en byvoorbeeld reuse bloekombome wat deel is van die kultuurlandskap, insluit); en andersyds die subjektiewe gevoel en belewenis van die omgewing (in die vorm van die verhale en mites oor die ou dae wat nog van geslag tot geslag oorvertel word), wat meer simbolies of sielkundig van aard is.

### Kognitiewe en affektiewe dimensies

Die hele sin of betekenis lê in die unieke samestelling of kombinasie van verskillende faktore: eerstens die fisiese of geografiese gebied, asook die aktiwiteite wat binne hierdie gebied plaasvind (byvoorbeeld grondgebruik en toerisme). Daarby word die kognitiewe (objektiewe, waarneembare of kwantifiseerbare elemente) en die affektiewe (subjektiewe, gevoels-, emosionele, abstrakte of kwalitatiewe elemente) faktore in berekening gebring. Die kognitiewe faktore bestaan hoofsaaklik uit die visuele karakter van die Koepel. Dit sluit in landmerke, soos waterbronne (die Vaalrivier, 'n spruitjie, dam of pan) wat voëls lok, en koppies, roetes soos motor- en voetpaaie wat 'n funksionele dimensie vervul, asook grense wat deur mense vasgestel is, soos die rivier, paaie, asook die kern en buffergebied van die Wêrelderfenisterrein. Gekonsentreerde aktiwiteite by geboue op Venterskroon, en die sterk persepsie van institutionele streke, soos byvoorbeeld provinsies van die Vrystaat en Noordwes, asook distriks- en plaaslike munisipale owerhede soos onderskeidelik Fezile Dabi en Kenneth Kandu, tesame met Ngwathe, Moqaka en Tlokwe, bepaal die karakter van die Koepelgebied.

Daarteenoor bestaan ook die affektiewe faktore van "sin van plek", wat hoofsaaklik simboliese en gevoelsdimensies insluit. Daaronder word verstaan die gevoel van vervulling, rustigheid, en vryheid wat deur die oop ruimtes in die landskap geskep word. Die gevoel van ontvlugting en ontspanning kan daarby gevoeg word, asook die ervaring van nuuskierigheid, hoop en opwinding byvoorbeeld tydens die soeke na skaars inheemse plantegroei en geologiese

---

354 K. Puren, Sin van plek skyfie vertoning, Vriende van die Koepel/Vredefortkoepel Bewarea-jaarvergadering, Ibalabala 2010.08.21.

rotsformasies . Ook die gevoel van spiritualiteit,[355] stilte en "afsluiting van die buitewêreld" is hier in die landskap (*Figuur 82*) alomteenwoordig. Vir die inwoners van SANWA, Koppieskraal, Reebok kop, Kromdraai en Waterval is God teenwoordig in die landskap.[356]



Figuur 82: Die terrein van die *Slag van die Vaalrivier*, Koppieskraal[357]

Die interaksie tussen bogenoemde kognitiewe en affektiewe dimensies skep nie net 'n neutrale ruimte waarbinne die daaglikse lewe van die Koepelbewoners afspeel nie. Dit dra ook by tot hulle gevoel van emosionele sekuriteit en "sin van *ons* plek", wat 'n diepgesetelde, eiesoortige identiteit skep en wat bydra tot 'n gevoel van emosionele sekuriteit. Laasgenoemde het 'n bepaalde effek op die Koepel-inwoners se mentaliteit en manier van dink. Hierdie Koepel-ervaring, wat grotendeels deur die inwoners, maar ook deur toeriste ervaar word, kan as 'n kulturele beskouing en belewenis binne 'n spesifieke ruimte gesien word. Daar is

---

355 GPA, MO2, F.C. Conradie (26), Takwasa 2011.07.30; GPA, MO2, J.P. Botes (35), SUNWA 2011.05.25; GPA, MO2, H.G.W. du Plessis (65), Reebok kop 2010.11.03; GPA, MO2, T.B. Lourens (63), Venterskroon 2011.05.25.

356 Terreinbesoek, (SANWA) Koppieskraal 2011.05.25; (Lanquedoc) Koppieskraal 2011.05.21; Reebok kop 2010.11.03; Kromdraai 2010.08.25.

357 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, (Lanquedoc) Koppieskraal 2011.05.21.

heelwat sin in die bewaring van geleenthede vir besondere ervarings van onafhanklikheid, ruimte en religieuse verbintenis met die natuur – formeel en informeel.  Dit geld nie net die wêrelderfenisterrein nie, maar die hele Koepel-omgewing.

Die mens het kultuur ontwikkel, met ander woorde, dit is mensgemaak.  Dit sluit in idees, waardes en kodes wat kenmerkend is van 'n bepaalde groep.  Verder is dit 'n aangeleerde sisteem van gedrag gebaseer op simbole, en dit word oorgedra van geslag tot geslag.  Kultuur kan ook nie bestaan as dit nie met ander mense gedeel word nie.  Dit beïnvloed voorts die manier waarop mense hulself in 'n groep gedra, en ook die wyse waarop 'n persoon van ander verwag om op te tree.  Daarby verteenwoordig kultuur 'n nuwe fase in evolusie, naamlik die moontlikhede om informasie te verkry, te berg en te deel.  Hierna word dit aan die volgende generasie deurgegee, sodat hulle nie weer alles van vooraf hoef te leer nie.  Die individu verkry so inligting in groot formaat, meer as wat hy/sy bloot deur persoonlike ervaring sou leer.[358]  Die mens gebruik ook simbole.  Gevolglik is die ontwikkeling van kultuur nou verwant aan die mens se vermoë om simbole aan te leer deur die gesproke en geskrewe woord, maar ook dit wat in beeldende kuns, letterkunde, musiek, kleding, juwele en maniere voorkom.  Die interessantste aspek van 'n simbool is dat dit een faset van vorige ervarings gebruik om emosies, reaksies, gelowe en gevoel tydens 'n nuwe ervaring te ervaar.[359]

### Woordkuns

Die gevoel van spiritualiteit, stilte, isolasie, eensaamheid en afsondering in hierdie landskap, die klippe, bome en die rivier is prikkels wat metafories in verskeie Afrikaanse prosatekste, poësie en skilderkuns uitgebeeld is.  Die gedigte van Totius en T.T. Cloete, en prosatekste van C.M. van den Heever, Pirow Bekker en Hans du Plessis, almal Koepelboorlinge, is sprekende voorbeelde.  Die wilgerboom kom op só 'n wyse deurgaans in Totius se *oeuvre* voor.  Hy het, in "Die lied van die wilg"[360] soos in al sy wilgerboomgedigte, die wilgerboom as simbool van die mens se hartseer gebruik.

---

358 P. Farb, *Humankind*, p. 11.

359 P. Farb, *Humankind*, p. 14.

360 J.D. du Toit, *Wilgerboombogies*, p. 9.

*Al langs die lae waterkant*
*is eers my moederstam geplant,–*
*so rank en reg, met takke net*
*soos die ander boompies almal het,*
*dat hul my nou verwonderd vraag,*
*waarom my takkies so omlaag*
*en treurig hang – so na benee,*
*'n teken mos van hartewee?* (strofe 1)

*Wanneer die liewe lente kom,*
*met nuutgebore blad en blom;*
*wanneer die bome almal staan*
*met nuwe kleertjies aangedaan,*
*en laggies blink van elke blad*
*waarop die sonnestraaltjie vat,*
*dan laat ek ook my lintjies swaai*
*en vriend'lik in die windjies waai.–* (strofe 2)

*Maar of ek al so feest'lik staan*
*en bly, die vragies kom weer aan:*
*waarom ek tog my takkies draag*
*so treurig en so al omlaag,*
*en in die blye bloeiseisoen*
*so anders en so treurig doen?* (strofe 3)

*Dan sing ek aan die windjie voor*
*my harteliedjie, oor en oor,*
*totdat die bome en skone wei*
*my toesing al uit medely:*
*,,Nou weet ons waarom lank en slank*
*jou takkies hang: jou hart is krank."* (strofe 4)




Figuur 83: J.H. Pierneef, voorblad van Totius se digbundel *Wilgerboombogies*[361]

**Skilderkuns**

Die Vaalrivierwateromgewing is deur verskeie kunstenaars in die vorm van landskapskilderye uitgebeeld. Die innerlike gees van die Koepel-omgewing met sy kenmerkende stilte en die wilgerbome langs die Vaalrivier, was juis die inspirasie vir en die tema van potloodsketse van Erich Mayer (1876-1960), asook die skilderye van T. Baines (1822-1875) en J.H. Pierneef (1886-1957). Een van die 28 panele wat die vermaarde J.H. Pierneef tussen 1929 en 1932 vir Parkstasie in Johannesburg geskilder het, was byvoorbeeld 'n landskaptoneel langs die Vaalrivier naby Parys in die Vrystaat. Die stofomslag van sy digtersvriend Totius[362] se digbundel *Wilgerboombogies* is met 'n linosnee-druk van 'n wilgerboom versier (*Figuur 83*) [linosnee: 18 x 11 cm, geteken: Pierneef l.b., 1920].[363]

---

361 F.E.G. Nilant, *Die hout- en linosneë van J.H. Pierneef*, p. 169.

362 V.E. d'Assonville, *Totius – profeet van die Mooirivier*, p. 74.

363 F.E.G. Nilant, *Die hout- en linosneë van J.H. Pierneef*, p. 169.



Figuur 84: J.H. Pierneef, *Wilgers aan die Vaal (Tvl.)*[364]



Figuur 85: J.H. Pierneef, *Vaalrivier*[365]

364 GPA, proefskriffoto's: C. Gouws, Ditsong Nasionale Museum vir Kultuurgeskiedenis-kunsversameling.